# Ekumenisme

H G v d WESTHUIZEN

Die baie insiggewende proefskrif van Boshoff oor sinkretisme in die ekumene van die twintigste eeu (3b), dwing 'n mens om weer eens na die ekumene in die algemeen te kyk. Boshoff toon aan dat sinkretisme eintlik oor die loop van eeue hoofsaaklik drie betekenisse gehad het. Eerstens, en dit is ook een moontlike aanduiding van die oorsprong van die woord, beteken sinkretisme saamspan. Só sou volgens Plutarchus (45-120), die inwoners van Kreta hulle onderlinge aanslae laat vaar het en saamgespan het by die aantog van 'n gemeenskaplike vyand. Vir sover sinkretisme in hierdie sin in die ekumene figureer, meen dit dat alle Christene en/of kerke maar net moet saamspan teen die gemeenskaplike vyand. Laasgenoemde is dan gewoonlik nie die bose geeste in die lug nie (Ef 6:12), maar vlees en bloed, honger en huise, kleding en stemreg. Moltmann stel dit: "Today in our divided world, the common enemy is becoming increasingly clear. It is universal suicide" (36:30). Die tweede betekenis is vermenging, hetsy deur seleksie van die beste elemente uit alle beskikbares of hoe ook al. Vir die ekumene beteken dit in hierdie verband dat alle godsdienste basies dieselfde is en daarom kan en moet die beste daaruit gedistilleer word, deur almal te vermeng en die ekstrak te tap. Maar sinkretisme se derde betekenis is die eintlike in die ekumene. Ons kan dit samevoeging noem. Hiervolgens moet elke godsdiens soos 'n mosaïkblokkie saamgevoeg word met die ander om die groot patroon, die ware beeld, die waarheid, te aanskou. Met die oog op hierdie eenwording in samevoeging, speel dialoog die vernaamste rol in die ekumene. Omdat menslike filosofie en spekulasie hiermee in pariteit gestel word met die openbaring van God, stem ons in met Boshoff: "Indien ons sou aanvaar dat elke godsdiens en ideologie dele van die groot organiese geheel is, veronderstel dít dat ons die geheel reeds ken en dit is onmoontlik ..." (36:189).

Dit was Plutarchus wat die regering van Alexander die Grote as 'n ekumeniese regering aandui, 'n regering nie meer net oor die nasionale Griekse stadstate nie maar ook oor die barbaroi (36:37). So is ook die Romeinse Ryk ekumenies genoem ná die uitbreiding oor Asië (36:39).

In die Nuwe Testament kom die woord ekumene 15 maal voor: Matt 24:14; Luk 2:1; 4:5; 21:26; Hand 11:28; 17; 7:6; 17:31; 19:27; 24:5; Rom 10:18; Hebr 1:6; 2:5; Openb 3:10; 12:9; 16:14. By noukeurige nagaan van elke Skrifplaas blyk die betekenis te wees: die hele

mensbewoonde wêreld (37:209-213).

'n Mens kan nooit oor kerk, eenheid, ekumene ensovoorts, praat, sonder om uit die Skrif oor Christus te praat nie. Want "die kerk is ... die een liggaam van Christus. Daarom is alle ekklesiologie Christologie" (1:1). Hoewel verenigde krag vir die sending, verenigde voorbeeld in 'n sekularisasie-situasie, en verenigde front teen kommunistiese gevaar, as motiewe vir ekumene aangevoer word, is "die ernstige ekumeniese gesprek en strewe moet begin met die waarleer van die eenheid van die kerk" (2:211). "Daarom sal elke ernstighe ekumeniese gesprek en strewe moet begin met die waarheidsvraag ... Die eerste taak in die ekumeniese gesprek sal dus wees dat elke kerk duidelik stel wat volgens sy diepste oortuiging sy belydenis van die waarheid is" (2:212).Ekumene moet die eenheid van die kerk in Waarheid dien (3:31-38), en nie daarteenoor die wêreld se mensheid nie. "Leiersfigure uit die ekumene wys graag daarop dat die ekumeniese beweging 'n *beweging* is en nie 'n organisasie of 'n reeks organisasies nie. Dit word gedoen om aan te toon dat daar oor die hele wêreld 'n beweging bestaan om al die verskillende kerke tot 'n eenheid te voer" (4:13).

Voorop moet egter onthou word dat hoewel "de theocratische vraag ... de oecumenische beweging absoluut noodzakelijk (maakt)" (5:69), alle mense nie vanselfsprekend in ekumeniese eenheid moet wees nie. "Alle mense worden broeders omdat zij allen ménse zijn en mensen van Gód. De bijbel en het christelijke geloof zijn radicaal universalistisch, maar tegelijkertijd ook radicaal particularistisch, dat wil zeggen: de broederschap van alle mensen zal alleen mogelijk zijn in de erkenning van de enige en waarachtige God" (5:69). "Dit sou teologies onverantwoord wees om in ons tyd die ekumeniese roeping van die kerk te behandel, sonder om eers duidelikheid te kry oor die wese van die kerk ..." (6:16).

Sommige meen dat daar in die ekumene so 'n ontaarding is dat dit 'n nuwe ideologie is: "Sedert Nieu-Delhi 1961, (het) 'n toenemende sekularisering van die E.B. plaasgevind ... sodat die begrip 'ekumene' inderdaad die, 'hele bewoonde wêreld' omskrywe. Dit is 'n begrip wat net met die twee konstituerende elemente, naamlik *mens* en *wêreld* rekening hou. As sulks gaan dit in die E.B. dus om die daarstelling van 'n eenheid van die mensheid in hierdie een en enigste wêreld. Om hierdie doel te bereik, is algaande 'n nuwe ideologie geskep, naamlik die ekume*nisme* as die geestelike dryfveer" (7:12). "Die doel self is die oeroue Aristoteliese visie van 'n wêreldbroederskap van mense onder een imperiale wêreldregering, wat die eerste maal deur Alexander die Grote as ideaal nagejaag is en daarna deur elke imperialistiese regering nagestreef is ..." (8:40). Die University Christian Movement het byvoorbeeld teen die agtergrond van die ekumenisme (9:226) in *One for the Road* onder die

titel *Sjalom* gesê dat dit "om die eenheid van alle mense in die wêreld (gaan) en die verwerping van nasionalisme as 'n struikelblok in die pad van die vestiging van 'n 'wêreldgemeenskap'" (9:225). "De oecumenische beweging van nú heeft nog maar één machtig doel voor ogen: niet zozeer de eenheid tussen de vele kerken onderling, maar vooral die grote eenheid tussen kerk en wereld" (10:9).

Soos ons elders stel het die gees van Finalisme, toe die sending self 'n vraagstuk geword het, die ekumenisme voortgebring. Sedert die "time of testing" (soos dr W A Visser't Hooft in 1963 te Mexico City gesê het – 11:122,228,234) en Lesslie Newbigin se "six continents-concept (11:419), het kerke nie alleen mekaar se hande teen die wêreld gevat nie, maar wêreldhande is ook gevat.

Sowel die agtergronde as historiese verloop van die ekumene dui op 'n paradysboomstamboorder (12:181-215; 13:33-43; 14:60-66; 15:212-215; 4:1-103). Wat aanvanklik dikwels onskuldig begin het, soos die kommunikasiemoontlikheid van die 19de en 20ste eeue wat tot 'n kommunikasiebesef en kommunikasiewerklikheid op die sendingveld (Edinburgh 1910) in die gestalte van ekumeniese bewegings gelei het, het weldra gedegenereer. Eers was dit soort soek soort; die reformatoriese kerke met dieselfde belydenis het mekaar se hande gevat. Die Roomses het spesifiek geweier. Toe word dit: soort soek ander. Daarna: soort soek almal. Eindelik: soort soek humaniste. "Vanaf 1962 toe die Russies-Ortodokse Kerk ook lidmaatskap van die Wêreldraad verwerf het, het hierdie liggaam al meer en meer 'n linkse beleid begin volg. Die afgevaardigdes van die Russies-Ortodokse Kerk, wat al geïdentifiseer is as agente van die Russiese Geheime Polisie, besit in die Wêreldraad groot invloed. Dit is dan opvallend dat geen liggaam van die Wêreldraad na 1962 die kommunisme, waar ter wêreld ook al, veroordeel het nie ... Dit is opvallend dat die Wêreldraad hom vanaf 1962 baie sterk geïdentifiseer het met allerlei sogenaamde 'vryheidsbewegings' wat in meerdere of mindere mate van kommunistiese oorsprong of inhoud is" (15:214).

Uit die Skrifgetroue reformatoriese teologie word onomwonde aangedui: "Dogma-historisch gesproken: In de oekumenische beweging is geen Augustinus, maar is Origines aan het woord" (16:118). "Want new-Delhi predikt dien Christus pro Omnibus ... Uitgesproken wordt de solidariteit met alle mensen, want onze Heer heeft daardoor, dat Hij mens werd (inkarnasieteologie teenoor kruisteologie – H G van der Westhuizen), zich met ons allen verbonden. Daarom is solidariteit met alle mense van elke natie, klasse, huiskleur en religie (!!) zonder onderscheid in ons gemeenschappelijk mens-zijn een uitgangspunt voor de levensvernieuwing en het getuigenis der kerken door de Heilige Geest" (16:116). Dis min of meer ook Sacla se rigting (17).

As ons "die Bybelse konsepsie van eenheid daaraan (aan die E.B.) ... wil (gee), (moet) ook en veral die Bybelse inhoud aan 'eenheid' gegee ... word ... Die eenheid in Christus (moet) primêr kwalitatief verstaan word en daarnaas eers kwantitatief. Maar in die hedendaagse Ekumeniese denke word die volgorde omgekeer" (1:5). Ook vir Calvyn gaan dit "in sy ekumeniese strewe nie daarom ... dat meer of minder mense saamgevoeg word nie, maar daarom dat mense deur gehoorsaamheid aan Gods Woord deur die geloof saamgevoeg word in die Kerk van die Here. (Daarom) is sulkes uitgesluit wat hierdie Woord verwerp" (18:85).

Hoewel Calvyn vanuit sy teologiese standpunt vir die ekumeniese gesprek "tien seë vir dié saak sou oorsteek", was daar ook vir hom grense aan die gesprek. So wou Calvyn in 1561 nie meer na Poissy gaan om met die Roomses te praat nie. Hy skryf aan Beza: "Wat ander ook mag dink, ek is oortuig dat wat 'n mens met 'n gesprek kan wen, niks is nie" (6:19).

Aangesien die eenheid van die ecclesia universalis vir die reformatore gelê het in: "(a) die eenheid van ware prediking en geloof, én (b) die eenheid van regte sakramentsbediening" (2:218), wou Calvyn tog selfs 'n groot leervryheid toelaat sonder dat die eenheid van die kerk geskaad sou word. Die eenheid word nie beskadig indien verskillende kerkgenootskappe dit eens is in die capita, doctrinae nie (2:219). "Volgens Calvyn is die belydenis dus rekbaar. Nie enigiets kan geglo word nie, maar binne die raamwerk van die *capita doctrinae* is daar ruimte vir *ecclesiae contraversa* wat nie die *fidei unitas* te niet doen nie. Wesenlik is daar dus een kerk wat in die geloof in Christus sy eenheid het en hierdie geloof in Christus word geformuleer in die *capita doctrinae*. Maar vir sover daar verskillende *confessiones* (belydenisse) binne hierdie eenheid is, is hulle in verskillende genootskappe georganiseer. Een kerk mag nie 'n ander, binne die *capita*, verdoem nie *(non improbare). Die kerk moet dus volgens Calvyn één* wees maar nie noodwendig *eens* nie. Hierdie sienswyse ... is van uitsluitende belang. Dieselfde Paulus wat sê: As iemand 'n evangelie verkondig in stryd met dié wat julle ontvang het, vervloek sy hy! (Gal 1:9), sê ook: 'Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees!' (Rom 14:15)" (1:8).

"Wend ons ons tot die ekumeniese strewe van die Wêreldraad van Kerke vandag, is daar weinig van die grondslae en motiewe van Calvyn nog merkbaar ... Sedert Nieu-Delhi (is daar) 'n weg-beweeg van evangelisasie na humanisasie ... Dit gaan nie meer om die eenheid van die Christelike kerke nie, maar om 'n eenheid van alle mense van alle gelowe en ideologieë" (18:86/87).

Die ekumenisme is nie net 'n ideologie nie, maar is as ideologie gebore uit 'n genitiefsteologie sodat Byang H Kato praat van "Theo-

logy of Ecumenism" (19:140). "Death and decay through universalism has already penetrated the mission cargo in the ship of ecumenism" (19:147). "Die basis van die ekumenisme is die gedagte van die eenheid van die *mensheid*. Die eenheid van die Kerk, waarna die E.B. aanvanklik uitgegaan het, is hiertoe bloot 'n instrument, naamlik 'n wêreldkerk in 'n wêreldstaat ... (Dit is) nie 'n beweging om die eenheid van die kerk van Christus te bevorder nie; dit is eerder 'n instrument in die hande van die internasionale magspolitiek" (20:61). Oberholzer stel duidelik dat die Wêreldraad van Kerke nie soos Potter sê in die woestyn tussen Egipte en Utopia is nie, maar die vloek dra van die ateïstiese kommunistiese magte (21:67-76). Die vroeëre imperialisme het drie s'e gehad – smouse (handelaars), sendelinge en soldate: "So verklaar Livingstone in 1857 tydens 'n verblyf in Engeland: 'I go back to Africa to try to make an open path for *commerce and Christianity*'. Op sy voetspoor het Cecil Rhodes gevolg met sy beleid van: 'Africa British from Cape to Cairo. 'n Duidelike patroon vir kolonialisme en gevolglike onderwerping word deur die twee here geteken, naamlik dat in die imperialistiese mars die handelaar vooruitgaan, daarna volg die sendeling en dan die soldaat" (20:1). Dit is asof die Sataniese hoogtepunt van alle imperialisme saamgetrek word in die kommunisme. En in hierdie operasie saamtrek word van godsdiens gebruik gemaak soos vanouds. Om van koloniale imperialisme los te kom, gryp Afrika vandag in onkunde na kommunistiese imperialisme – menende dat die Russe of Sjinese nie in Afrika belangstel nie, maar net in die Afrikane se bevryding. "It is only now that slowly some black people begin to realise that the bullet from the communist weapon in the hands of the terrorist does not carry the label 'for white people only', that economic sanction and international action are meant to hit black people too. If the USSR could feed millions of its own people in the slave camps, why would black people be exempted from the sacrifice of human lives required for the attainment of an ecumenical world community?" (21:75).

In die ekumenisme opereer daar baie duidelik 'n ander teologie. "The birth pangs of the illegitimate baby of the World Council of Churches salvation without the inerrant, authoritative Bible, finally arrived at Bangkok! This ill-fated baby is now given for nurture to the Third World ... The illegitimate child of Bangkok is now dumped into the laps of the Third World church leaders. Syncretistic universalism is the milk. Only a return to the authoritative World of God can muzzle the baby of 'salvation today' and save the church in Africa from universalism and syncretism' (19:146, 148). Die term "Salvation Today" is een van die simptome van die ekumeniese teologie. Dat die verlossing in Christus vir ons reeds vandag en hier 'n uitwerking het, is nog steeds Bybelse teologie. Maar in die eku-

meniese kader van universalisme waar Johannes 3:3 verontagsaam word, word "Salvation Today" anders geïnterpreteer: "God wordt de partijganger van de armen in plaats van de redder van zondaren" (12:211). Hierdie ander teologie is nie net 'n verskuiwing van die vertikale na die horisontale nie, of 'n verantwoording van beide nie maar 'n vervanging van die vertikalisme en die vertikale deur 'n horisontalisme. "De basis van bovengeschetste verwereldlijking van het heil kan liggen in een onbijbelse leer van algemene verzoening, niet als mogelijkheid maar als feit" (12:212). Hierdie inkarnasieteologie waar die geboorte van Christus teenoor die verganklikheid en dood as die mees tipiese van die sondige menslike gesien word (terwyl die kruisteologie die verlossing uit die dood as loon van die sonde, as die mees tipiese van die sondige menslike sien), het tot gevolg die vervloeiing van die grense tussen kerk en wêreld vanweë 'n "toenemende devaluatie van de Kerk" (12:212). Nou is dit ook te verstaan "dat die Wêreldraad, ná sy Bangkok-konferensie in 1972, opgehou het om sending te doen of om die evangelie van Jesus Christus aan heidene te verkondig. Elke vorm van Woordverkondiging word deur die Wêreldraad as onnodig beskou" (15:215). Omdat strukture of samelewingsverbande met mense geparalleliseer word, moet strukture sogenaamd gekersten word, in plaas van dat struktuurverandering voortvloei uit bekeerde mense wie se harte verander is (22:16-26; Jer 24:7; Eseg 18:19; 36:26). Die kragtige aandrang by Jood en Griek op die bekering tot God (Hand 20:21), word ingeruil vir dialogiese eenheidsdemonstrasies wat 'n duiwelsgeïnspireerde (23) vooruitgryp (is) na die eschata van die Christelike geloof wat die apostolaatsverantwoordelikheid van die kerk wil oorslaan" (24:1). Ook Adam en Eva wou 'n kortpad volg, en nie die pad van gehoorsaamheid aan God nie. Die antisiperende ekumenisme vind gewoonlik gestalte in 'n ekumeniese nagmaal. "De instelling van het avondmaal verbindt de exodus uit Egypte met de exodus die Christus uit de synagoge bewerkt. Het is onbegrijpelijk, dat men vandaag juist op grond van het avondmaal, dat in het teken van gebode Afscheiding staan, de valse eenheid propageert" (25:95).

'n Ander simptoon van die ekumenisme soos gevoed deur die nuwe of eksistensie teologie, is die onderwaardering en anderswaardering van die Bybel. In lyn met 'n antimetafisiese benadering word die Theopneustos (2 Tim 3:16) nie gesien as 'n Geesinspirasie ten opsigte van die ontstaan van die Skrif nie "maar wel oor wat dit uitrig, doen, werk" (26:10). Die inspirasie leer oor die ontstaan van die Bybel is verskuif na die ontvanger of leser van die Skrif. Die Bybel is nie die Heilige Skrif en Woord van God of openbaring van God nie. Dit sou dan "getuienis van die skrywers se ervaring in hulle omgang met God (wees). Dit is die getuienis van wat waarheid vir die Bybelskrywers is" (26:6). Hierdie getuienis is dus "tradisie"

wat ook "histories krities ondersoek (moet) word ... (1) of die tradisie *waar* is en (2) wat kan die tradisie vir my beteken? Of selfs: kan 'n tradisie – 'n oorlewering uit die verlede – my aangaan? Art V van die NGB word so losgelaat. Die selfgetuienis van die H.S. word opsy geskuif en die kritiese rede sal nou bepaal wat waar en aktueel is" (26:7). Soos die metafisiese moet wyk vir die eksistensiële, die openbaring vir die ervaring, die objektiewe vir die subjektiewe, so moet God wyk voor die mens: "God – met sy vasstaande, geopenbaarde waarhede – word in dié teologie verdring deur die mens – met sy ervaring en aanvaarding, met sy self interpretasie as die maatstaf vir die waarheid" (26:5).

Nie alle ekumeniese instansies is per se deur ekumenisme of ander ideologieë of genitiefsteologieë oorheers nie. Ons moet met die gawe van onderskeiding (Filip 1:10) die geeste op die proef stel (1 Joh 4:1). Waar die Bybelse waarheid nie absoluut is nie (Ef 6:14; 3 Joh 8; Judas 3), kan ons nie 'n "veelrassige eredienst' organiseren met Moslems, Boeddhisten Hindoes en Sikhs" soos die Wêreldraad van Kerke nie (27:862). Verdere duidelik waarneembare onaanvaarbaarheid van die ekumenisme is hulle waardering vir die logistiese. Vergelyk hierteenoor egter 1 Samuel 14:6; Rigters 7: Jeremia en Amos en Johannes die Doper wat alleen teen die massa staan. So ook die geringe twaalf aspostels en "Maartin Luther die alleen stond tegenover twaalf eeuwen traditie en de gehele kracht van een machtige kerk" (27:863).

'n Derde kenmerk van die ekumenisme is die totaal verkeerde siening van die Christelike liefde. "Niemand heeft het recht om te zeggen dat een ander ongelijk heeft, want daarmee zou men zich een oordeel over hom aanmatigen en dat is liefdeloos ... Misvatting omdat het veronderstelt dat de liefde onverschillig kan blijven tegenover de kwesties van waarheid en dwaling. Maar dat is niet zo ... (1 Kor 13:6; Matt 23; Gal 1:6; 3 Joh 1:3; Rom 16:17; Titus 3:10; 2 Tim 2:25)" (27:863).

Die eendersdenkendheid van die Duiwel aan die een kant en mense aan die ander kant, lei altyd tot selfvergoddeliking. So was dit die geval met Adam en Eva in die Paradys wat onder begeleiding van Satan soos God wou word. Dit was die geval met die toringbou van Babel. Dit is die geval met die mens van anomias/hamartias (2 Tess 2:4). Dit sal die geval wees met die dier uit die see (Openb 13:12). Daarom het die eksodus-motief wat ook in die hele Nuwe Testament gevind word (25:87 v; 2 Kor 6:14-18; Hebr 13:13; Openb 21:7; 18:4), om uit die apostase (afval) of valse kerk wat "zich onder verschillende vormen manifesteren kan, doch zich thans met name in de Wereldraad belichaamt" (25:87), uit te gaan, die eer van God op die oog (27:863; Rom 16:17; Titus 3:10; 2 Joh 10:1).

Ons wil 'n paar moontlike redes noem waarom lidmaatskap aan

ekumeniese organisasies nie so outmaties en noodsaaklik beskou moet word soos dit dikwels die geval is nie. Daar is baie aanduiding in die Bybel dat die kerk een is, katoliek is, ekumenies is. Maar daar is geen eis om organisatories een, katoliek of ekumenies te wees nie. Die kerk is in sy wese een, katoliek en ekumenies. Die kerk is één vir sover hy Christus reg verkondig; maak nie saak uit hoeveel organisasies hy bestaan nie. Die kerk is katoliek wanneer hy niemand wil uitsluit van die sakramentsbediening soos Christus dit ingestel het; maak nie saak wat die konstruksie van sy organisasie is nie. Die kerk is ekumenies wanneer sy tug wêreldwyd gerig is. Net so min as wat die Hervormde Kerk in Suid-Afrika as organisasie verantwoordelik is vir die Woordbediening in Duitsland as die kerk (in 'n ander organisasie) dit daar doen, net so min die Hervormde Kerk in Suid-Afrika as organisasie verantwoordelik is vir die sakramentsbediening in Amerika as die kerk (in 'n ander organisasie) dit daar doen, net so min is die Hervormde Kerk as organisasie in Suid-Afrika verantwoordelik vir die tugoefening in Indië as die kerk dit daar doen.

Dáár waar Woord, sakrament en tugbediening nie plaasvind nie, of nie reg plaasvind nie, is elke organisasie sy broer (-organisasie) se hoeder. Ons is dus mede-verantwoordelik vir mekaar as organisasie om kerk te wees. Juis dáárom moet ons nie organisatories verenig nie. Die organisatoriese aansluiting met mekaar hou organisatoriese vereniging in.

Behalwe dat ekumeniese organisatoriese lidmaatskap die wesenlike ekumenisiteit in beginsel ophef soos pas gestel, is daar ook nog ander gevare. Daar is Bybelse aanduiding dat die valse kerk van die eindtyd oor wêreldwye eenheid sal beskik (Openb 13:12). Vandag is ontdek dat "het Griekse woord 'oikoumené' ... is niet een geografisch begrip (de kerk, over de gehele bewoonde wêreld verspreid), maar het duidt zonder meer de gehele bewoonde wêreld zelf aan" (10). Die vraag is dus aktueel of lidmaatskap met 'n ekumeniese beweging nie diensbaar is aan hierdie ontwikkelende wêreldkerk nie? Bring lidmaatskap nie mindere of meerdere onderlinge standpuntgebondenheid mee nie? Bring lidmaatskap nie finansiële verpligting teenoor die ekumeniese beweging mee wat uiteindelik geskenk word vir terroristiese of derglike organisasies nie?

Lidmaatskap aan 'n ekumeniese organisasie wat nog trag om Bybel-getrou te wees, is nie nodig met die oog op spanwerk of teologiese arbeid nie. Wat spanwerk betref, is geen ooreenkoms met 'n eerlike organisasie onmoontlik sonder lidmaatskap nie. Die argument dat ons nie ons self moet ag die wysheid in pag te hê nie, maar "dialoog" daarvoor, gaan nie op ten gunste van lidmaatskap nie. Ten eerste: "The ground rules of human discussion demand that both sides be willing to grant that they may learn from the other side, and

may possibly be won over to the other side's fundamental position" (28). As "ek versekerd (is) dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie" (Rom 8:38,39), dan stel ek my nie op die twyfelende basis van ekumeniese lidmaatskap waar ek oorgehaal mag word – aldus die reëls – na 'n "nuwe waarheid" nie. Daar waar aan my gesê word jy moet oop wees vir 'n groter of ander waarheid as Gods Woord, is die Duiwel besig met sy dialoog soos in die Paradys. Tweedens: Om dieselfde Waarheid van Gods Woord opnuut aan ons Kerk voor te hou, het ons die teologiese arbeid. Die teologie-beoefening in die fakulteit en bykomstig, is ons ekumeniese "lidmaatskap" in hierdie verband – of behoort dit te wees. Wanneer lidmaatskap van ongekwalifiseerde ekumeniese bewegings tersprake is, kom soms verdere argumente by.

Een daarvan is dat ons hulle moet ken om hulle reg te kan help. Om hulle te ken, is lidmaatskap egter nie nodig nie. Toegang tot hulle studie-materiaal kan op velerlei ander wyses bekom word. Om hulle reg te help (behalwe dat sommige straks nie reggehelp wil wees nie en ook nie reggehelp kan word nie, (Hebr 6:6 e.v), is lidmaatskap met alles wat dit meebring, nie nodig nie. In ons moderne eeu van kommunikasie kan en moet ons boodskap by hulle uitgebring word sonder dat ons ons met hulle laat juk (2 Kor 6). Verder lui die argument dat ekumeniese bewegings sendingveld is. Hoe ironies en paradoksaal dit ookal klink, kan dit tog waar wees! Om 'n sendingterrein te betree en ons taak dáár te doen, veronderstel egter tog nie lidmaatskap met daardie terrein nie. Daar moet weë bedink word om 'n sendingterrein te betree. En so 'n hoogsgeletterde terrein soos 'n wêreldwye organisasie en so 'n bereikbare terrein soos 'n ekumeniese, bied stellig talle kommunikasieweë. Waarom sal ons nou juiis die een, nuttelose en verkeerde weg kies: lidmaatskap?

As Hebreërs 13:13 gebruik word, soos soms die geval is, om ons sendingtaak in die ekumene te onderstreep, moet ons dit met die nodige onderskeiding doen. In hierdie vers word die Hebreërs daaraan herinner dat hulle saligheid nie binne die laer van die Hebreërs (Joodse geloof) is nie, maar buite – daar waar Christus soos 'n misdadiger buite die stadspoort gesterf het. Die Hebreërs se verlossing lê nie in hulle Joodse geloof nie maar in die smaad wat hulle sal dra om die Joodse te versaak en Christus aan te neem. Weliswaar moet ons as ingeënte Hebreërs ook weer op ons beurt buite die "laer" van isolasie gaan en sending doen. Maar om dit te doen meen nie lidmaatskap met dié wat buite is nie. Tewens genoemde teksvers verwys nie eens na heidene wat buite die laer sou wees nie, maar

na Christus! Hierdie vers kan dus alleen reg verstaan word teen sy Hebreër-agtergrond.

Soms word die argument gebruik dat Paulus tot in Rome gegaan en voor die keiser getuig het. Dit is heeltemal waar dat oral en altyd Gods Woord verkondig moet word (Matt 28:19; Hand 1:8; 1 Tim 4:13,16; 2 Tim 4:2). Maar het Paulus aangesluit by Rome of lid van die keisershuis geword? Of is hy daarheen gesleep juis as gevolg van sy voortgesette Woordverkondiging op sy eie ongekompromitteerde manier?

Die argument dat as ons vertroue het in die krag en werking van die Heilige Gees, dan sal ons juis waag tot lidmaatskap, gaan geheel nie op nie. Eensdeels is die krag van die Heilige Gees genoeg om oortuiging te bring waar Hy wil, met ons troue getuienis – sonder die "krag" van ons lidmaatskap. Anderdeels: As ons versekerd is in Jesus Christus, hoef ons nie die krag van Gods Gees op die spel te plaas vir 'n moontlike "wins" na ons kant (nuwe waarhede) of na die sendingterrein se kant nie. "Jy mag die Here jou God nie versoek nie" (Luk 4:12).

"Dit lê nie op die weg van 'n kerk om by 'n ekumeniese beweging aan te sluit nie. Die kerk is immers eiesoortig (sui generis), van 'n ander aard as 'n gewone organisasie; dit is die corpus Christi (Heidelbergse Kategismus, Sondag 21; NGB art 27-29). Omdat die kerk eiesoortig is, kan dit nie deel word van 'n organisasie met sy eie grondwet en reglement wat 'n ander karakter het en 'n eie stempel dra nie. Dit is in stryd met die presbiterale stelsel van kerkregering . .

Aan die ander kant behoort die kerk deeglik kennis te neem van sodanige ekumeniese organisasies en selfs 'n vorm van kontak te implementeer". (29:13).

As reformatoriese kerk moet ons erns maak met die katolisiteit van die kerk, dan sal die ekumene-spook ophou dwaal. "Bowendien is hierdie heilige Kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of tot sekere persone nie, maar dit is versprei en verstrooi oor die hele wêreld; nogtans is dit saamgevoeg en verenig met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof" (NGB, art 27, 30:64-67).

Die wyse waarop die kerk ten opsigte van ekumenisme moet optree, is sekerlik die verkondiging van Christus in wie die ware eenheid gevind word (1:9). Ter wille van die karwei van hierdie boodskap na die ore van die betrokkenes, is daar ook ekumeniese instansies te stig. Hier kan die voorbeeld genoem word van die "Internasional Christian Network" (INC) wat onder leiding van die bekende Duitse teoloog prof dr P Beyerhaus, die voorsitter van die NHKA, prof dr J P Oberholzer, en andere, in Julie 1978 in London gestig is (31:943; 32:1,23; 33:1,2,10).

Waar verskeidenheid soos in Korinte (1:10) moet plek maak vir

eenheid selfs ten koste van die waarheid, het eenheid 'n god geword – of die mombakkies van 'n verskuilde god, die na-aper god: Satan. "Yet this unity (given by God, part of the being of the church, a unity in the hearts of men) vanishes as soon as we try to make a structure of it" (21:75). Juis omdat die ecclesia universalis katoliek is, openbaar hy verskeidenheid. "De kerk is zozeer katholiek, dat zij in alle momenten van het leven ingaat, zich daarmee verbindt en uit louter katholiciteit óók nationaal wordt. (Daarom ook volkskerk – H G van der Westhuizen). Zo is de kerk in Nederland anders (niet een andere kerk) dan de kerk in Engeland, Duitsland of in Midden-Afrika". (34:75). Die kerk van Samaria (Hand 8) of Antiochie (Hand 11) was tog nie 'n ander kerk as die van Jerusalem nie (Hand 8:1,14; 11:22). Maar selfs op dieselfde plek, Jerusalem, was die Joodssprekende kerk nie 'n ander kerk as die Griekssprekende kerk nie, maar wel anders (Hand 6). Vergelyk moontlik ook die Hebreërkerk en die Romeinekerk in Rome. Ook die drie susterskerke in Suid-Afrika bied 'n tuiste vir die onderlinge verskille en verskeidenheid terwyl in die hoofdele of capita doctrinae ooreengekom word. Waar volkere en nasionalismes absolutisties of van hoofbelang gesien word, het ons ideologiese nasionalisme soos byvoorbeeld by die Naziisme. Waar nasionalisme egter van geen belang geag word nie, het ons te doen met ideologiese ekumenisme. Waar nasionalisme van relatiewe Bybels-gegewe belang geag word, het ons met Calvinistiese teologie te doen (35:554).

Ons kan ons vereenselwig met die gevolgtrekking van Oberholzer. "I venture to say that it is not the barriers of language, culture and race that are the real devisive factors, but the barriers of selfrighteousness, lovelessness and the thirst for power" (21:76).

Indien die kerk terugkeer tot die ware inhoud van die belydenis dat die kerk katoliek is, ten spyte van Luther se afkeur van die woord (36:49), behoort die protestantse Roomsheid, ekumenisme, ook besweer te wees.

Verwysings


1. J A Loader, *Die Kerk in Ekumeniese Perspektief*, HTS, Jg 24, Afl 1.
2. B J Engelbrecht, *Teologie en Kerk*, HAUM, 1978.
3. S P J J van Rensburg, *Die Kerk, die eenheid en die grens van die Kerk*, HTS, Jg 21, Afl II en III.
4. J J Steenkamp, *Die geskiedenis van die Ekumeniese Beweging*, BD III, Universiteit van Pretoria.
5. A A van Ruler, *Verwachting en Voltooing*, Callenbach-Nijkerk, 1978.
6. B Duvenhage, *Calvyn en die Ekumeniese Roeping van die Kerk – 'n Oriëntering*, In die Skriflig, Feb 1967.
7. J J Steenkamp, *'n Studie rondom Art. III van die Kerkwet ...* in Leër oor Art III – Dr D J C van Wyk.
8. A D Pont, *Kerklike Integrasie*, art in Van der Hoff-Jaarblad, Pretoria 1975.
9. A D Pont, *Die University Christian Movement*, HTS, Jg 24, Afl 4.

10. G Zomer, *Op weg ... Waarheen? Wie maakt alle dingen nieuw?* Een vraag aan het adres van de "theologie van de revolutie", De Vuurbaak, Groningen, 1971.
11. J Verkuyl, *Inleiding in die Nieuwere Zendingswetenschap*, J H Kok-Kampen, 1975
12. J P Versteeg, e a, *Gij die Eertijds verre waart ... Een Inleiding tot de Gereformeerde Zendingswetenschap*, De Banier -Utrecht, 1978.
13. F J van Zyl, *Agtergronde van die Ekumeniese Beweging*, HTS, Jg 23, Afl 2.
14. F J van Zyl, *Die ekumene: Inhoud en Grense van die Begrip*, HTS, Jg 21, Afl II en III.
15. A D Pont, *Kerkgeskiedenis*, HAUM, 1978.
16. S U Zuidema, *De Christus der Schriften en Oecumenische Theologie*, Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1965.
17. SACLA, *Die Verkeerde Weg*, Encouter Publishers.
18. F J van Zyl, *Calvyn en die Ekumene*, HTS, Jg 35. Afl 1 en 2.
19. Byang H Kato, *Theological Pitfalls in Africa*, Evangel Publishing House, P O Box 1015, Kisumu, Kenya, 1975.
20. J J Steenkamp, *Die Hantering van die Rassevraagstuk in die Ekumeniese Beweging*, B D III, Universiteit van Pretoria.
21. J P Oberholzer, *Is there a future for the World Council of Churches*, HTS, Jg 33, Afl 1 en 2.
22. L Floor, *Die Kerstening van Strukkture*, In die Skriflig, Maart 1979.
23. Richard Wurmbrand, *Was Karl Marx een Satanist*, Internationale Raad van Christelijke Kerke, Amsterdam, 1975.
24. Rapport, *oor die Konferensie van Suid-Afrikaanse Lidkerke van die Wêreldbond van Hervormde Kerke, gehou te Pretoria 12 – 16 Maart 1979*, Bylae C, NHKA – Alg. Kerkvergadering, 1979.
25. C van der Waal, *Liquidatie der Reformatie*. Over de Oecumenische beweging en haar Theologie, J Boersma, A D MCMLXVI.
26. G P L van der Linde, *Enkele Gedagtes oor die Nuwe Teologie soos beoefen deur Gereformeerde Teoloë*, In die Skriflig, Jg 2, Nr 7, Aug/Sept 1968.
27. John Thackway, *Opmerkingen over oecumeniteit*, Getrouw, Jg 32, no 2.
28. Joseph Kenny, *Reassessment of Apostolate among the Muslim*, International Review of Mission, Januarie, 1970.
29. P J Coetzee, *Die Ekumeniese Roeping van die Kerk*, In die Skriflig, Junie 1975.
30. H G van der Westhuizen, *Vertrou op God*, HAUM, 1977.
31. Getrouw, *Anti-Wereldraad Organisatie*, Juli/Aug 1979.
32. Die Hervormer, *Teenvoeter vir Wêreldraad*, Sept 1978.
33. Die Kerkblad, *Wêreldwye Netwerk van Christene*, 30 Aug 1978 en 6 Sept 1978.
34. A A van Ruler, *Verwachting en Voltooiing*, Callenbach-Nijkerk, 1978.
35. A P T, *Boekbeskouing*. Die Kerkbode, 2 Mei 1979.
36. P J Boshoff, *Sinkretisme in die Ekumene van die Twintigste Eeu*, Ongepubliseerde DD- proefskrif, U P 1979.
37. Rolf Sauerzapf, *Die Säkularisierung der Genfer Ökumene*. Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1975.